# *Wees Seker Van God*

(Net goed, Broer Gillespie. Die Here seën jou.)

Alles is moontlik, glo net.

2 Laat ons bly staan terwyl ons ons hoofde buig vir gebed.

3 O Magtige God, wat Jesus weer uit die dood gebring het, ons nader U vanmiddag in Sy Naam, in hierdie wete, dat U ons die belofte gegee het dat U sou hoor: "Dit is My geliefde Seun; luister na Hom." En ons kom in Sy Naam om genade te vra, en om genesing te vra, en verlossing vir diegene wat honger en dors daarvoor, vergifnis van ons oortredinge. En bid dat U Gees baie na U toe sal laat kom vanmiddag, beide in hierdie sigbare gehoor en in die radioland.

4 Ons dank U, Hemelse Vader, vir die oggenddienste regoor die wêreld, en bid dat U elke diens sal seën en elke prediker en elke kerk vandag, wat die Evangelie verkondig, kom, Here Jesus, en ontvang ons in Uself. En terwyl ons wag op U koms, help ons om getroue dienaars te wees. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

5 Mag maar sit. Ek het 'n bietjie gemeenskap gehad vanmôre met die Armeense mense van die—die stad, by hulle kerk. En tot my verbasing, was daar 'n dame wat tale kon uitlê wat... Gisteraand het ek hier gepraat, en was, die Heilige Gees het gepraat, liewer, en het die mense uitgeroep in die diens, en hulle vertel van hulle verskillende beproewinge, en hulle siektes, en partymaal kon ek hulle nie laat verstaan net wie dit was nie, en dan sou die Heilige Gees hulle naam uitroep; soos julle Hom dit sien doen het.

6 En toe het hulle my vertel vanmôre...Wat visioene vir my net soos 'n beswyming is. En hulle het my vertel van 'n vrou wat ek weer ingeroep het, iewers in die gehore, en haar vertel het dat sy 'n sekere siekte het, maar sy was, kon my nie verstaan nie, want sy het nie...sy was van 'n—'n ander land, 'n Finse vrou. En toe het die Heilige Gees, om te wys dat Hy geen aannemer van die persoon is nie, hierdeur gepraat, en haar naam genoem, en vir haar gesê om God te prys, in 'n taal gepraat wat ek nie geken het nie, en die vrou genoem en gegee wie sy was, en iets omtrent, die Here se seëninge op haar, of *so-iets*, in Finse taal. Ek ken nie eens Engels nie, wat nog van Fins. So, dit wys net dat God in al die tale praat en al die mense behoort aan Hom. Hoe wonderlik! Hy doen die uitermatige oorvloedige.

7 Ek wil nie te veel van die tyd neem nie, maar net terwyl dit op my gedagte is, ek onthou, 'n tyd gelede, by die Sam Houston Koliseum in, onder in Houston, Texas, en ons het probeer, het

so 'n oorvol skare gehad, tot ons probeer het om na 'n deel van hulle om te sien by die Koliseum en deel oorkant na Raymond Richey s'n toe. Nou, ek's seker dat die Angelus Tempel weet wie Raymond Richey is, hy was 'n persoonlike vriend van die stigter van hierdie kerk. En ek sou *hier* oorkant bid vir 'n gebedsry, dan oorgaan na die Koliseum en bid.

8 En een aand toe my broer my uit die gebedsry gehaal het, het ek 'n klein, Spaanse meisietjie hoor huil. En sy sou die volgende in die ry gewees het volgens die nommers van die gebedskaartjies wat ek geroep het; en sy was niks meer as 'n kind van vyftien jaar oud, iets nie. Wel, my broer het my begin aanstoot, en die man wat veronderstel was om my te neem, maar op een of ander manier, het Iets vir my gesê: "Sien daardie kind."

9 Ek het gesê: "O, bring haar hiernatoe." En hulle het haar soontoe gebring, en sy het haar gebedskaartjie vir die man gegee, en so het sy soontoe gekom. En ek het met haar begin praat, en—en sy het net daar gestaan, ek het gedink sy mag doofstom wees, maar uitgevind, sy kon nie Engels praat nie, sy kon nie een woord Engels verstaan nie. En so, het ek gevra of daar 'n tolk was, en hulle het 'n man gekry en hom opgebring vir die tolk.

10 Wel, ek het haar 'n paar vrae gevra, en sy het my begin antwoord deur die tolk. En toe meteens het die visioen gekom, en ek het gesê: "Ek sien 'n dogtertjie voor my met gevlegde haartjies wat teen haar rug afhang. Sy sit by 'n ou vuurherd, eet geel mielies van 'n stronk af, wat gehaal is uit 'n ketel wat oor die vuurherd hang, en sy het te veel daarvan geëet, sy word baie siek, en sy word na die bed toe geneem deur haar moeder, en kry 'n epileptiese aanval." En toe het die visioen weggegaan.

En die dogtertjie het na die tolk toe gedraai en gesê in Spaans: "Ek het gedink hy kan nie Spaans praat nie."

En die tolk het gesê: "Jy het Engels gepraat, het jy nie, Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ek het."

Hy het gesê: "Wel, sy het gesê jy het Spaans gepraat."

Ek het gesê: "Stop die opnemers, in die hele ry."

11 En hulle het gestop, en ons het dit teruggespeel, en elke woord was Engels. En toe het ons haar laat herhaal wat ek gesê het, en solank die visioen aangegaan het, het sy elke woord in Engels gehoor.

12 "Wel, hoor. . .? Hoe hoor ons elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?" God is nog steeds God. Nou, toe ek self woorde begin sê het, het sy dit glad nie verstaan nie, maar die Heilige Gees wat Engels gepraat het, het dit vir haar getolk in Spaans. God is 'n goeie God, soos Oral Roberts dit stel. Is beslis waar.

13 En as ons dit net kon begryp, vanmiddag, dat Sy goedheid teenoor daardie vroutjie, Fins, of wat sy ook al was, gisteraand,

om seker te maak dat haar geloof herken sou word! Hy het haar in haar eie taal geroep. Wonderlik! Nou, baiekeer oorsee, ons sien dit gebeur in die vreemde lande, dat ek sal staan, praat, en Dit sal reguit omdraai en my taal gebruik en mense noem, hulle name en alles, net soos Dit hier doen, in hulle eie moedertaal. Dis wat ek Pinkster noem; ek—ek glo dat Dit die Heilige Gees is.

14 Nou, die laaste paar aande het ons nie enige gebedskaartjies uitgegee vir ’n gebedsry nie, so ek glo dit sal vanaand in orde wees om ’n gebedsry te hê om vir die siekes te bid. Die hele volgende week, vanaf Dinsdagaand, verwag ons om regdeur die volgende week te gaan, so kom julle elke aand, kom in gebed, bring iemand saam met julle. Die kêrels sal die gebedskaartjies uitdeel binne omtrent vyf-en-dertig minute, sodra die diens hier verby is, en julle wat ’n gebedskaartjie wil hê, bly net. Nou, hulle sal die gebedskaartjies hiernatoe bring en hulle uitgee aan enigiemand wat hulle wil hê. Mag die Here Sy seëninge voeg by alles wat ons doen, want ons doen dit in Sy Naam.

15 Nou na ons onderwerp en na ons les vir ’n paar oomblikke. Broer David het die Skrifte gelees, want ek het pas ’n ou vriend ontmoet wat hier sit vanmiddag. Omtrent twee jaar gelede was ek bo op die Rivier Sonder Terugkeer saam met my goeie vriende, die Christen Sakemanne, Ek’s ’n. . . hou daarvan om te jag, en hulle het ’n nuwe gids gehad daardie jaar, en ek het soort van verlief geraak op hierdie man, ’n jong kêrel wat. . . en hy sou. . . Ek het van hom gehou, daar was skynbaar iets omtrent hom wat ’n bietjie meer as ’n beeswagter was. En ek het sy vrou ontmoet, sy was ’n kelnerin by die restaurant, by die plek waar ons geëet het, bo by Noordvurk naby die Salm Rivier, Idaho.

16 En op pad terug, was dit toevallig dat God hierdie jong kêrel ’n pêl van my gemaak het, om saam met my te jag. En ek onthou dat ek ’n goeie skoot gekry het een oggend op my elande, ver oor die valleie, en—en hom op ’n baie genadige manier gekry het, en hierdie jong kêrel het my gehelp om hom af te slag. En ek het hom opgelet, en ek het vir hom gesê: “Jim, is jy ’n Christen?” En ek dink hy het gesê hy het aan een of ander kerk behoort, of *so-iets*; maar daar was iets omtrent hom wat eerlik gelyk het. Daardie aand toe ons ingegaan het, aan die tafel gesit het, het ek hom bly dophou. Terwyl hy op sy kampsak gelê het, aan die slaap, het ek verbygegaan en my hand op hom gelê en God gevra om hom te red.

17 En vandag ontmoet hy en sy pragtige vroutjie my hieragter aan die agterkant, hulle is albei Pinkstergelowiges, het die Heilige Gees, sit nou hier. Gebed verander dinge, Broer Gillespie. O, Hy’s so werklik! As ons net sal bid, en dan glo dat ons kry waarvoor ons vra! So, dis wat ek Broer du Plessis vir my die Woord laat lees het, ek moes net vir Jim en sy vrou groet. God het hulle ’n pragtige, klein babatjie gegee sedertdien; ons is bly.

18 Nou, Broer David het gelees uit die Boek van Konings, van Elía die groot profeet. En dit moes 'n vreeslike oggend gewees het, droog en warm, hulle het vir drie jaar en ses maande geen reën gehad nie, dit was so droog en warm dat die wêreld gereed was om in vlamme uit te bars. Die mense het verhonger in die strate en daar was krete oral. Dit alles het gebeur as gevolg van die morele verval van die volk. God was lief vir Israel, maar toe hulle buite die wil van God gegaan het, het die vyand hulle oorgeneem. God het Sy Kerk lief, maar wanneer ons uit die wil van God uitkom, neem die vyand die Kerk oor.

19 En Agab, wat koning van Israel was op daardie tyd, en volgens my denke die mees goddelose koning wat Israel ooit gehad het, want hy het met 'n afgodedienaar, Isébel, getrou, sy was 'n sondaar en 'n goddelose persoon, en in plaas van 'n man van sy eie huis te wees, het hy vir haar ingegee, en daardeur het hulle die volk in morele verval laat beland. Hulle het nagejaag, die volk in afgodediens ingebring, omdat hulle haar afgode nagejaag het.

20 Dis iets soortgelyks vandag, al die mense het saamgestem dat dit reg was vir hulle om dit te doen, want die regering, die koning en die koningin het dit goedgekeur, en hulle was die gewildste mense in daardie volk. En omdat die koning en die koningin dit gedoen het, het die mense gedink dat dit in orde sou wees. Nou, dis omtrent die prentjie van ons land vandag, baie mense volg net mekaar, en hulle dink omdat die regering die drankhandelaars lisensie gegee het om whisky te verkoop, dat dit in orde is om dronk te word; dis verkeerd.

21 En baiekeer dink goeie vroue omdat die sigaretmaatskappye hierdie foto's uitstal op hierdie advertensies, van vroue wat sigarette rook, en die filmsterre, en baie van hulle, en die gewilde vroue rook, dat dit in orde is; dis wat ons morele verval in hierdie volk veroorsaak het. Die ruggraat van enige volk is moederskap, breek moederskap, jy het die rug van die volk gebreek. En wanneer . . . Ek het 'n statistieke wat dit wys, ek dink dis omtrent tagtig persent van sigaretroker-moeders wat hulle babas op bottels moet grootmaak, want daar's soveel nikotien in hulle bloed, dit sal die baba doodmaak voor dit agtien maande oud is. Jy praat van 'n sabotasie! Dis een van die grootste sabotasies wat die volk het.

22 En ongeag van al die waarskuwings wat die dokters uitgesit het, sulke slagspreuke soos: "Kanker by die wavrag," en al hierdie waarskuwings, wil die mense mekaar volg, omdat een of ander dwase vrou, een of ander soort aktrise, sigarette adverteer, en—en dit blaas deur haar neus, en windmakerig optree, maar dis geen plek, of, niks vir 'n dame om te doen nie, dis verkeerd.

23 Ek het in een van julle strate afgeloop hier 'n paar dae gelede, en ek het in 'n kroeg gesien, dit het gesê: "Tafels vir dames." Ek

bedoel nie om onbeskof te wees nie, en ek wil nie enigiemand se gevoelens seermaak nie, maar *dames* gaan nie in plekke soos daardie in nie, hulle het nog nooit een daarin gehad nie. Ek sou my voorstel hulle het nog nooit 'n klant gehad en sal nooit, want dis geen plek vir dames nie. Maar goeie mense partymaal, sien daardie goed en—en sien mense wat hooggeplaastes is, soos ons dit noem, in sulke plekke ingaan, en hulle dink dis die ding vir hulle om te doen.

> . . . *Vrees God, en hou sy gebooie: want dit geld vir alle mense.*

24 Maar julle sien, die—die koning het gesê hierdie is in orde, want sy vrou het gedink dit was in orde, en hulle het 'n morele verval veroorsaak. En toe, het hulle gedink omdat hulle vooruitstrewend was, geen oorloë nie, ensovoorts, dat dit die teken was dat God met hulle was. Voorspoed is nie altyd die teken dat God met jou is nie, baiekeer is dit misleidend. Die reën val op die regverdige en die onregverdige, maar dis aan hulle vrugte wat hulle geken word.

25 En so was hierdie volk eintlik korrup, en God het oordeel daaroor gestuur. Al die predikers het geswig onder die swaar vrag, omdat die lidmate van die kerk hulle gedwing het om dinge te doen.

26 Ek voel jammer vir 'n prediker wat niks meer van God aan hom het as om sy gemeente vir hom te laat preek, en hom in 'n groef soos daardie te laat beland nie. Ek glo dat ons predikers nodig het wat *mans* is, dis Godvresende, Godgestuurde diensknegte, wat nie bang is om swart, swart en wit, wit, te noem nie. Die Evangelie is nou te veel hanteer met sagte handskoene aan. Ons het 'n bietjie outydse prediking nodig soos Billy Sunday, en Johannes die Doper, en party van daardie outydse, helvuur en swawel boodskappe weer terug vir die mense; ek weet dis nie gewild nie. So toe hulle weggekom het daarvan, sien julle in watter toestand die volk beland het. So dit—dit kos dit, broer.

27 En alles wat die pastore ingegee het, so hulle het laat die . . . hulle het 'n sosiale evangelie gehad, sonder twyfel. En so, maar daar was een wat nie ingegee het nie, daar was 'n ou klein profeetjie in die land in daardie dag, hy het nie voor enige van hulle afgode gebuig nie, want hy het geweet dat Jehova 'n Heilige God was, en hy het heiligheid vereis, en reinheid, en ordentlikheid, want hy het geweet dat Jehova nie kon verander nie. En as Jehova, om die kinders uit Israel te bring, hulle moes reinig en hulle heilig, en wanneer hulle wanordelik gewandel het teenoor Sy gebooie, Hy oordeel oor hulle gebring het, het hy geweet dat Jehova dieselfde was gister, vandag, en tot in ewigheid, daarom wou hy nie ingee nie.

28 O, Isébel het hom gehaat, en al haar mense het hom gehaat, maar God het hom liefgehad en hom gerespekteer, want hy het

nooit die Woord van God versaak nie, hy het Daarby gebly. God gee ons meer Elía's in hierdie wrede, bose dag van korrupsie waarin ons lewe, wat nie bang is om te preek wat die waarheid is, wat die Bybel sê nie. "Sonder heiligheid, sal geen mens die Here sien nie." Jy moet gereinig word van jou sondes deur die Bloed van die Here Jesus.

29 Nou, daar was 'n vrou in die land, nie een van hierdie mense ken mekaar nie, maar sy moes 'n eerbare vrou gewees het, sy moes die tipe vrou gewees het soos wat Elía 'n man was, want God het daardie vrou gekies uit al die vroue wat daar in Israel was om Sy profeet te ontvang. En Hy sou nooit 'n onsedelike vrou gekies het om Sy profeet te ontvang nie. En hierdie vrou was 'n weduwee. Die droogte was in die land, en sy het begin, na die dood van haar man, het sy 'n babatjie gehad om groot te maak.

30 En sy het gesukkel om 'n lewe vir die kleintjie te probeer maak, en uiteindelik was daar nie meer brood nie. En dit het 'n punt bereik eendag, toe sy ingegaan het om na haar kleintjie te kyk, en sy het sy moutjies buite gesien, geskeur, sy mag na haarself gekyk het in 'n spieël, en gesien het dat hoe sy die tafel verlaat het met iets daarop vir die baba, en haar eie wangbene het uitgestaan, en haar klein, swak armpies. Sy het dit nie vir haarself omgegee nie, maar die seuntjie, sy het probeer . . . sy wou hom nie sien sterf nie.

31 So, uiteindelik, het sy eendag na die meelpot toe gegaan en daar was net een handvol meel oor, sy gaan oorkant na die kruik toe om te sien hoeveel olie, en net omtrent 'n goeie eetlepelvol; wat tussen haar en die dood gestaan het. Ek veronderstel daardie aand was daar 'n heelnag biduur. Is dit nie vreemd hoe God ons reg tot by die einde van die pad laat afkom nie? Sonder twyfel het sy nagegaan, gesê: "Here God," iets soos hierdie: "ek het U gedien, ek het alles gedoen wat ek weet hoe om te doen, ek het U vereistes nagekom, en hier het ek een handvol meel en 'n lepel olie tussen die dood vir my en my kind." Heelnag lank moes sy gebid het.

32 En wanneer die kêreltjie sou wakker word, omdraai, en sê: "Mamma, sal jy teruggaan na die kas toe en kyk of daar net 'n bietjie van daardie brood oor is?" sy sou teruggaan, 'n bietjie huil, en dan sou sy terugkom en hom 'n bietjie water gee om te drink, want sy het geweet sy kon . . . net hierdie klein bietjie gehad, en dit moes miskien vir die volgende dag hou. En die kêreltjie, miskien, kon nie goed slaap as gevolg van honger nie.

33 Ek was deur daardie plekke, sonder twyfel was daar baie hier wat deur daardie plekke was. Ek het my ma die tafel sien verlaat in die oggend, agter in die huis sit en huil, wanneer sy sou, wat ons op die tafel gehad het ou brood was, en sy sou bietjie koffie daaroor gooi en bietjie suiker daar bo-oor vir ons kindertjies, en agter in die kamer ingaan en huil, sê: "Ek's nie honger nie,"

wanneer sy honger was, en ons probeer skool toe gaan het soos daardie.

34 En die vrou soos sy daardie gesien het, daardie kritieke uur wat kom, het sy ongetwyfeld nagegaan, en gesê: "Here, ek het alles gedoen wat ek weet hoe om te doen." Wanneer jy alles gedoen het wat jy weet hoe om te doen, en elke vereiste nagekom het wat God vereis het, dis waar geloof 'n houvas kry, dis waar geloof inkom. As jy elke vereiste nagekom het wat God van jou verwag het om te doen, dan toets God partykeer jou geloof, om te sien watter soort reaksie jy op jou aksie sal hê. O, Hy's goed daarmee. Dit laat net . . . dit bewys net of jy regtig glo wat jy dink jy glo. Julle weet Hy doen dit baiekeer.

35 Een oggend was daar 'n paar Hebreeuse kinders wat verbrand sou word, en hulle het geweet dat hulle God se wil gedoen het. En hulle het gesê: "Ons is nie bang vir die koning se bevele nie. Ons God is in staat om ons te verlos uit hierdie vuuroond, maar ons sal nie voor sy beeld buig nie." [Leë kol op band—Red.]

36 . . . God sou hulle 'n toets gee om te kyk wat hulle reaksie op hulle aksie sou wees. En Hy het hulle reguit na die vuuroond toe laat loop voor Hy ooit beweeg het. Maar wanneer al God se vereistes nagekom is, en jy seker is van God, dat God dit sal doen, staan dan stil, en God sal dit doen.

37 As jy in hierdie dienste sit, en jy het die Here God sien uitbeweeg oor die gehoor, die siekes en beproefdes genees, en tog, blyk jy steeds jou siekte te hê, en wanneer ek vir hulle vra om hande op mekaar te sit, en jy jou foute reggemaak het voor Hom, jy Hom aanvaar het, en jy is gedoop in Christengeloof, en jou hart is skoon voor Hom, dan partymaal wanneer God Sy antwoord vertraag, wil Hy net sien waarop jy sal reageer. Wees net seker dat jy glo dat dit God is en hou dan daaraan vas, moet jy nie beweeg nie.

38 As daar vir jou gebid is, hande op jou gelê is deur gelowiges, het die Bybel gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Dis God se vereiste, en God vereis van jou om Sy Woord te glo.

39 Job, God het die duiwel eenkeer vir Job laat toets. Toe Job uitgegaan het en 'n brandoffer gemaak het vir sy kinders . . . Hulle het 'n partytjie gehad, so Job het geweet in sy dae hoe tieners was, waarvan hulle gemaak was, daardie verstand wat net nie kan rus nie, en so het Job gesê: "Miskien, wat as my kinders gesondig het? Ek sal in elk geval 'n brandoffer vir hulle offer."

40 En toe hy vas op daardie offer gestaan het . . . Dis wat God vereis het, 'n brandoffer, dis al wat Hy vereis het: om te bely en 'n brandoffer te maak; en Job het geweet hy het dit gedoen. En toe is die duiwel losgelaat op hom, en hy het sy kinders

begin doodmaak, sy goed vernietig, en hy het 'n paar van sy kerklidmate na hom toe laat kom, en sê: "Jy's 'n geheime sondaar. Jy het iets in jou hart wat jy nie bely het nie, Job."

41 Maar Job het geweet dat hy dit nie gedoen het nie, hy was seker dat hy God se vereistes nagekom het en hy het vas gestaan daarop. Dis reg. Hy het geweet hy het sy sondes bely, God aangeroep om hom te beproef, hom te ondersoek en te kyk of daar enigiets verkeerd was.

42 Sien, God het net gewag om te sien wat Job sou doen, want Satan het gesê: "Ek sal hom U in U gesig laat vloek."

Maar God het gesê: "Daar's niemand soos hy op die aarde nie, hy sal dit nie doen nie." God het vertroue in hom gehad.

43 En miskien as jou genesing 'n bietjie talm, het God vertroue in jou dat jy sal vashou. As jy glo dat die Heilige Gees, die tekens en wonders wat Hy belowe het hier gedoen word, aanvaar dit dan en hou daaraan vas, dis God se vereiste. "Ek is die Here Wat al jou krankhede genees."

44 Wanneer jy die Heilige Gees ontvang, wedergebore word, en die duiwel jou begin versoek: "O, jy dra dieselfde klere, jy lyk soos jy altyd het, maar jy's seker dat iets binne-in jou gebeur het, God het jou lewe verander, maak geen verskil wat die duiwel gesê het nie, kom net weg daarvan, want jy's seker dat dit God is. Amen. *Amen* beteken: "Laat dit so wees."

45 Ek's seker die Heilige Gees is nou hier, ek's seker daarvan, en ek weet dat wat ons vra, ons dit sal ontvang. Dit mag dalk nie net nou kom nie, maar dit moet kom, God se belofte is waar. Ons vra Hom vir enigiets, ons twyfel nie, ons glo dat waarvoor ons vra, ons kry, omdat ons God se vereistes nagekom het, ons lewe aan Hom gegee het, ons wil aan Hom oorgegee het, ons lewens, ons siel, alles wat ons is, het ons oorgegee aan God, dan veroordeel ons hart ons nie, ons kan kry waarvoor ons vra. "As julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil en dit sal vir julle gedoen word." Dis Sy belofte. Wees net seker dat jy God ken, en weet dat dit Sy belofte is.

46 Iemand het vir my gesê, baiekeer, liewer, gesê: "Is jy nie bang nie, Broer Branham, wanneer jy daar gaan in die aand, dat daardie Engel van die Here jou dalk verlaat, patymaal nie?"

Ek het gesê: "Ek is seker Hy sal nie, want Hy het my belowe Hy sal dit nie doen nie, en ek het geloof in God om te glo dat Hy daardie vereiste sal nakom."

47 Daardie aand by Portland, toe daardie maniak uitgehardloop het op die platvorm om my dood te maak, julle het die storie gelees, beter jy seker wees daarvan dan, maar ek was seker dat ek nie van myself probeer praat het, toe hy my 'n slang in die gras genoem en in my gesig gespoeg en gesê het: "Vanaand gaan ek jou al die pad in daardie gehoor in uitslaan."

48 Ek het net stilgestaan. Hy het twee-vyftig geweeg of meer, en ek het eenhonderd agt-en-twintig geweeg, ek moes opkyk na hom, daardie yslike groot, reuse arms, en sy tande gekners, en sy oë, sy vuis teruggetrek, wat na my toe hardloop. En die Gees van God het gesê: "Omdat jy die Gees van God uitgedaag het, sal jy vanaand oor my voete val." Dit was God, dit was nie ek nie.

So, hy het gesê: "Ek sal jou wys oor wie se voete ek sal val." En hy het sy vuis teruggetrek om my te slaan.

En toe hy het, het ek gesê: "Satan, kom uit die man uit." En hy het geval en my voete op die vloer vasgepen, totdat die polisieman hom van my voete moes afrol.

49 Wees net seker dis God, en hou dan daaraan vas, bly daarby. Wanneer God enigiets sê, moet Hy Sy Woord hou. Wees net seker dat dit God is. Neem God se Woord. As God vir jou hart fluister: "Ek is die Here wat jou genees," bly daarby, dis God se belofte. God belowe om die Heilige Gees te gee, bly daarby totdat Dit kom.

50 Ek het ou, Oom Buddy Robinson se boek hier, 'n tyd gelede, gelees, en hy het mielies geploeg, het hy gesê, met sy ou muil, Ellie. En hy het kwaad geword vir Ellie daardie oggend, want sy het die koring platgetrap, en hy het haar aan die ore gebyt, en sy het weggehardloop en na hom gekyk. En hy het gesê: "Ellie, ek is skaam dat ek jou gebyt het." Gesê: "Kyk hier, ek wat heiligmaking preek met 'n tande vol muilhare." Hy het gesê: "Wat 'n skande!"

51 En toe het hy hom vir homself geskaam, en hy het in die ry mielies gekniel, en gesê: "Here, as U my nie die Heilige Gees gee nie, wanneer U terugkom, sal U 'n hoop bene hier kry lê." Toe het hy dit ontvang. Wees seker dis God, hou dan daaraan vas.

52 Sy was seker sy het opreg voor God gewandel, en God het dit bewys deur Sy profeet te nooi om by haar te bly. Sien, God bevestig dinge. So die oggend het gebreek, die voëls het begin sing soos die dag begin breek het, sy het weer na die kleintjie gekyk en sy het hom gestreel. Sy het neergekniel en gesê: "Here God, hy sal binne 'n paar minute opstaan. Ek sal gaan en die laaste ding voorberei wat ek het en dit vir hom gee, en dan sal ek hom in my arms neem en ons sal saam sterf." So sy het gegaan en die handvol meel gekry.

53 Nou, *meel*, was 'n meeloffer, wat "Christus; die Woord" beteken. En wanneer hulle die meeloffer gemaal het in die dae van die Bybel, het hulle 'n sekere meulsteen gebruik wat elke stukkie meel net presies dieselfde gemaal het, daar was geen verskil daarin nie. Wel, dit tipeer hierdie, die *selfde* beteken "Jesus Christus is dieselfde, gister, vandag, en tot in ewigheid." Toe God Sy lewe uit Hom uitgemaal het by Gólgota, het Hy dit vir die Kerk gegee dat Hy dieselfde sou wees gister, vandag, en tot in ewigheid.

54 Dan gaan sy en kry die olie; die olie stel die Gees voor. Dis ons, waarom ons met olie salf, dit stel die Gees voor. En sy het die—die olie en die meel bymekaar gesit en dit begin voorberei. En wanneer die Gees en die Woord bymekaarkom, gaan iets plaasvind. Sy was aan die einde. So sy het die Woord en die Gees gekry en Dit begin meng, nou is Dit gereed vir bak. Sy gaan uit in die agterplaas om twee stokkies op te tel. Het julle opgelet die Bybel het gesê *twee* stokkies?

55 Nou, in die ou dae, Jimmy, ek reken ons het dit baiekeer self gedoen, jy neem twee stokkies en sit hulle oorkruis en jy sit die vuur reg in die middel. En soos die stokkies brand, stoot jy hulle binnetoe as jy in die nag kampeer, dit hou die vuur heelnag lank aan die gang, stoot dit binnetoe, die vuur was in die middel. As julle oplet, die twee stokkies het die kruis verteenwoordig: selfopoffering.

56 Nou, sy het die Woord en die—die Gees gemeng en was gereed om dit aan die brand te steek. En sy gaan om hierdie stokkies op te tel, en miskien, het sy net die laaste een in haar hand gekry en het begin teruggaan in die huis en sy het na die hek gekyk. Daar het 'n sagmoedige, ou man, miskien, kaalkop en wangbaarde wat afhang, gestaan, wat leun oor die hek, hy het gesê: "Sal jy vir my net 'n bietjie water gaan haal?"

57 Sy het na hom gekyk, en gedink: "Wel, ek het net omtrent 'n halfgelling in die huis, maar die arme ou kêrel lyk so dors, ek sal bereid wees om met hom te deel." En sy mag gesê het: "Ja, liewe meneer, ek sal vir jou 'n bietjie van die water kry, want die fonteine het opgedroog en alles." Alle waters het opgedroog. En sy het begin om die water te kry. En hy het geweet . . .

58 Julle sien, God antwoord aan beide kante van die lyn. Omtrent twee ure tevore, het die spruit opgedroog bo-op die berg waar Elía was, Hy het gesê: "Elía, gaan af na die stad en hou aan loop totdat jy 'n vrou vind met twee stokkies in haar hand. Sy gaan jou voed." God doen werklike dinge. "Ek het jou soontoe gestuur, en sy gaan jou voed, sy het niks in die huis nie, maar Ek gaan jou voed."

59 En hy het in die straat afgeloop totdat hy daardie vrou daardie twee stokkies sien dra het, en dit moet sy wees. So, hy moes haar aandag trek. Hy het gesê: "Sal jy vir my 'n bietjie water gaan haal?"

En sy het gesê: "Ek sal."

60 En sy het omgedraai en begin, hy het gesê: "En bring net vir my 'n stukkie brood in jou hand." Elía wat daardie visioen alreeds gesien het, het alreeds geweet wat die toestande was.

61 En sy het gesê: "So waar as die Here leef," Elía het toe geweet sy was 'n Christen, 'n gelowige, "soos die Here leef, ek het net 'n handvol meel en 'n lepelvol olie wat ek alreeds voorberei het, ek het dit voorberei, dit gereedgemaak, en ek neem hierdie twee

stokkies om 'n koekie te maak vir my en my seun, en ons gaan dit eet en sterf."

62 Sien, nou, hier kom 'n groot les: Maar Elía het gesê: "Bak eers vir my een."

63 O, wat is dit daar? Watter les leer ons? "Soek eers die Koninkryk van God, en Sy geregtigheid."

64 "Bak eers vir my een."

En sy het gekyk, sy het gesê: "Ek wonder wie dit is? Daar's iets aan die man wat skynbaar anders is."

En hy het gesê: "Bak eers vir my een en bring dit."

65 En sy het begin doen wat hy gesê het, toe het sy daardie vertroostende Woord gehoor wat altyd troos: "Want SO SPREEK DIE HERE: Die pot sal nie leeg wees, of die kruik opdroog, tot op die dag wat God reën op die aarde stuur nie."

66 Wat was dit? Daardie baie donker, kritieke oomblik het gekom, maar God is altyd op die toneel. As jy seker is dat dit God is, as jy jou van jou sondes bekeer het, as jy God se vereiste nagekom het, wees dan seker dat God Sy belofte sal hou. Sjoe! As mans en vroue dit net kan besef! God is gebonde aan Sy belofte. En as jy Sy vereistes nagekom het, as jy jou sondes bely en jy jou foute reggemaak en jy alles gedoen het wat God vereis het, hou dan vas aan God, jy moet daglig sien, Hy moet dit deurbring. Wees net seker dat dit God is, en Hy sal vir die res daarvan sorg as jy seker is dat dit God is.

67 'n Tyd gelede, was ek oorkant by 'n klein stadjie in Arkansas, omtrent vyftien jaar gelede, nie heeltemal so lank nie, ek sou sê twaalf jaar gelede. Hulle het 'n verskriklike segregasie in Arkansas. En ek was in 'n kerkie, en die polisieman het my in en uit gehelp, en ek het uit die kerk uitgekom, en ek kon iemand hoor sê: "Genade, genade!"

Ek het gedink: "Waar kom dit vandaan?"

68 En ek het oorkant na my linkerkant toe gekyk, oorkant aan die een kant het 'n—'n Negerman gestaan, ver van die witmense af, hy het sy ou hoedjie in sy hand gehad, geskree: "Genade, genade!"

69 En Iets het my getref: "Daardie man wil met my praat."

70 En ek het vir die polisieman gesê, ek het gesê: "Ek wil soontoe gaan en daardie man sien."

"O," het hy gesê: "Mnr. Branham, jy kan dit nie doen nie, jy sal probleme hier in Arkansas begin." Gesê: "Jy kan dit nie doen nie." Hy het gesê: "Ons kan jou dit net nie laat doen nie."

Ek het gesê: "Maar die Heilige Gees sê vir my om te gaan!"

Hy het gesê: "Wel, Broer Branham, jy sal 'n rasse oproer begin." Gesê: "Al hierdie witmense hier om voor gebid te word, en jy gaan soontoe na daardie gekleurde man toe!"

Ek het gesê: "Ek kan nie help watter soort wette julle het nie, ek volg 'n wet en daardie wet is die wet van die Gees. En Hy het gesê: 'Gaan na daardie man toe.'"

71 En ek het net losgeruk van hom af en ek het soontoe gegaan, en ek het sy vrou hoor sê: "Hou goeie moed, Skat, die pastoor kom."

En ek het daar oorkant gekom, ek het gesê: "Aangename kennis?"

72 Hy het sy hande uitgehad soos *hierdie*, hy het gesê: "Is jy . . ." Ek sê dit nie met minagting vir my gekleurde vriende, óf hier óf op die radio nie, maar hy het 'n baie suidelike aksent gehad, en hy het gesê: "Is *dis* jy, Eerwaarde Branham?"

En ek het gesê: "Ja, meneer, dit is."

73 Hy het sy hande op my gesig gesit, hy het gesê: "Jy's 'n *jonger* man as wat ek gedink het jy was," hy blind. En hy het gesê: "Het jy net 'n oomblik? Ek wil vir jou iets vertel."

Ek het gesê: "Ja, broer, ek het soveel tyd as wat jy wil praat."

74 Hy het gesê: "Ek was 'n Christen vandat ek 'n klein seuntjie was. My ou mamma," gesê: "sy is al vir jare weg." En gesê: "*Ek's* nou al vir 'n paar jaar blind. Ek het katarakke op my oë, die dokterman het gesê hy kon hulle nie afhaal nie, hulle het klaar om die optiese senuwee gedraai, en hy kon hulle nie afhaal nie." En hy het gesê: "Ek het nog nooit in my lewe van jou gehoor nie, Eerwaarde Branham." Maar gesê: "Gisteraand omtrent nege-uur het ek bed toe gegaan," hy het gesê: "Ek het gedroom ek het my ou mamma sien opkom na my bed toe, en sy het vir my gesê: 'Skat, staan op en trek jou klere aan, en gaan af na 'n stad met die naam van Moark, en laat Broer Branham vir jou bid, jy gaan jou sig ontvang.'"

Hy sê: "*Glo* jy dit, Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ek glo dit met my hele hart."

75 Hy het gesê: "My ou mamma het my nooit in haar lewe 'n leuen vertel nie. En ek het opgestaan en my klere aangetrek. En my vrou het my gehelp na die busstasie toe. En *ons* het na die ouditorium toe gegaan, en hulle het vir ons gesê jy is hier, en ons het hiernatoe gekom, en het hier gestaan," en dit het gereën so hard as wat dit kon reën.

76 Ek het na hom gekyk, ek het my arms om hom gesit, en ek het gesê: "Here God, ek weet nie, maar op een of ander manier is hy seker; en ek is seker dat U sy ou mamma na hom laat kom het in 'n droom om vir hom te sê dat hy sy sig gaan ontvang. En hy's so seker dat hy sy sig gaan ontvang, Here God, laat dit nou wees."

77 En ek het dit skaars gesê en hy het sy oë begin knip, hy het gesê: "Dankie, *Here*!"

En ek het gesê: "Kan jy sien, oom?"

En hy het gesê: "Ek kan *beslis* sien." Gesê: "Ek het geweet ek gaan sien."

En sy vrou het gesê: "Skat, kan jy regtig sien?"

Gesê: "*Sekerlik*, jy sien daardie rooi kar wat daar staan?" Gesê: "Ek kan *beslis* sien."

78 'n Groot kreet het opgegaan van oral af, en die mense het God verheerlik. Wat was dit? Hy was seker dat God met hom gepraat het in daardie droom. En as God seker is deur 'n droom, hoeveel meer seker is Hy deur Sy Woord? Wees seker, hou vas daaraan, God sal dit laat gebeur.

Kom ons bid.

79 Here, wanneer ek dink aan baie van die ondervindings... Ek weet nie vandag waar daardie man is nie, U weet. Ek mag nooit die voorreg hê om weer na hom te kyk op aarde nie, maar sonder twyfel, een of ander tyd oorkant die rivier daar, wanneer ons albei die goue trappe in U Koninkryk ingeklim het, sal ek hom daar sien, want hy was seker. Hy kon nie U Woord lees nie, maar U het met hom gepraat deur 'n droom en deur sy getroue moeder, en hy was seker dat sy moeder nie sou lieg nie, en as U hom 'n droom van sy moeder gestuur het, het hy geweet dat hy seker was dat hy sy sig sou ontvang. Ek glo, Vader, dis waarom U dit vir hom gegee het. Hy het van sy bed af beweeg, hy het tot aksie oorgegaan, hy het sy geloof laat werk, en U het sy geloof bevestig deur hom sy sig te gee.

80 Daar is baie wat hier sit, vandag, Here, baie buite in radioland wat die Woord gelees en die beloftes gehoor het, maar nog nooit net seker was Daarvan nie, God, laat hulle seker wees vandag dat as God so gesê het, moet Hy daardie Woord reg hou; en partymaal laat Hy reaksie kom net om te kyk wat ons sal doen. Mag elke persoon nou, wat beide hier en in die onsigbare gehoor is, laat hulle 'n houvas op U Woord kry, U belofte, hulle sondes en hulle ongeloof bely, en vashou aan daardie belofte totdat die daglig vir hulle breek. Skenk dit, Here. Mag hulle seker en verseker wees dat U U belofte sal hou, elkeen van hulle. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, en om Sy ontwil. Amen.

81 God seën julle. Hoeveel is seker dat God Sy belofte hou? Ons het altyd 'n ou lied oorkant in die Baptiste kerk gesing: "Sy belofte is waar, Hy sal jou nie verlaat nie, God is steeds op die troon." Het julle dit al ooit gesing? Laat ons julle hande sien, almal wat dit ken. Gee ons die akkoord, suster.

God is steeds op die troon,
En Hy onthou altyd Sy Eie;
Sy belofte is waar, Hy sal jou nie vergeet nie,
God is steeds op die troon.

Wonder, Broer Duffield, of jy my kan help om dit te lei? Goed, kom ons sing dit.

God is steeds op Sy troon,
Hy verlaat nooit Sy Eie nie;
Sy belofte is waar, Hy sal jou nie vergeet nie,
God is steeds op die troon.

82 Hoeveel glo dit? Steek julle hand op. Laat ons staan terwyl ons dit nou sing, almal saam, steek julle hande op na God soos ons dit sing. Goed, weer:

God is steeds op die troon,
Hy verlaat nooit Sy Eie nie;
Sy belofte is waar, Hy sal jou nie vergeet nie,
God is steeds op die troon.

83 Nou, draai om en skud hande met iemand naby jou. Laat ons dit nou weer sing soos ons—soos ons—soos ons handskud. Al julle Metodiste, en Baptiste, en Presbiteriane, en Lutherane, en Pinksters versoen met mekaar, kou mekaar se kougom, hou net gemeenskap, hê net regtig 'n lekker tyd saam. Goed, suster. Laat ons dit weer sing, almal. (Ons is van die lug af, sien ek.)

God is steeds op . . .

Glo jy dit? Steek nou jou hand op.

Hy verlaat nooit Sy Eie nie;
Sy belofte is waar, Hy sal jou nie vergeet nie,
God is steeds op die troon.

Almal wat dit glo, sê: "Amen." Ons is nou van die lug af, sodat julle kan skree: "Amen," baie hard: *Amen!*

God is steeds op die troon,
Hy verlaat nooit Sy Eie nie;
Al ontstel beproewinge ons, en onderdruk laste ons,
Hy sal ons *nooit* alleen laat nie.

84 Amen. Hy is ewige God, van Ewigheid tot Ewigheid is Hy nog steeds God. Wanneer hierdie ou wêreld so opgehoop is met sonde totdat dit 'n hoofpynband daarom het, steier soos 'n dronk man wat in die aand huis toe kom, een van hierdie dae het sonde verby die sterre en maan gegaan, en sy sal bars en in die Ewigheid invlieg, maar God sal nog steeds op die troon wees. Amen. Amen. Ek voel nou Pinkster. Amen. Outydse verlossing, die krag van God, die Heilige Gees! God is nog altyd goed.

85 Goed, Broer Duffield.

59-0412A Wees Seker Van God
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org